**Skriflesing:** Openbaring 21:1-8
**Tema:** Die beste is nog oppad!

Suid-Afrika, of eerder die wêreld vry van siektes, van virusse en maskers. Alle armoede is uitgewis. Daar is geen geweld meer en geen korrupsie nie. Daar sal nooit weer waternood of onbegaanbare paaie wees nie. Hoe klink dit vir jou?

Vir die meeste van ons klink dit seker soos 'n lank verlore droom, maar dit lê vir ons as kinders van die Here voor.
Vrees en kommer maak dat ons so vaskyk in die hier en nou, die wêreld waarin ons leef, dat ons nie meer God se beter en mooier toekoms vir ons raaksien nie.

Politieke veranderinge en onbevoegdheid maak ons moedeloos. Ons ervaar onsekerheid in ons geloof, by ons kerke, huise en by die werk. Van ons kry finansieel baie swaar. Geliefdes sterf en dit maak ons verbitterd en moedeloos.
In hierdie swaar en donker vasgevang, teken Johannes in Openbaring 21 vir ons God se beter toekoms.

Johannes skryf aan Christene wat op baie maniere, maar in die eerste plek godsdienstig verdruk is. Die Romeine het Jerusalem en die tempel al 'n paar jaar vantevore vernietig. Joodse Christene is uit sinagoges geban en beskinder. Christene word deur die Romeinse owerheid uitgesluit uit alle fasette van die samelewing. Hulle is ekonomies geisoleer en deur keisers soos Nero en Domitianus tot die dood vervolg en verdruk.

Johannes adresseer God se brief aan kinders van die Here wat swaarkry omdat hulle gekies het om die Here te dien. Hulle wat onder dié omstandighede soms wonder of al die swaarkry vir die Here die moeite werd is.

Openbaring 21:1-8 is bedoel om vir mense soos ons, gelowiges wat stukkend en seer ervaar,wat broos en kwesbaar is, wat sug en verlang en vrees. Ons word gelei om, dieper en anders in geloof, God se beter en mooier toekoms vir ons te sien. In geloof kan ons verby die oënskynlike en vanselfsprekende kyk om die werklikheid anders en nuut te ervaar.

Daar wag vir ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Die sondeval het die eerste skepping in stukke gebreek. Hierdie eerste hemel en aarde sal verdwyn en God sal alles geheel en al nuut skep.

Ons weet nie presies hoe sal wees nie, maar die nuwe Jerusalem sal verseker nie soos die nuwe Suid-Afrika lyk nie. Daar sal nie gate in die paaie wees nie, die strate is van goud. Daar sal nie waterprobleme wees nie, God sal die water van die lewe verniet gee vir almal wat dors is.
Elke nasie, stam, volk en taal sal Hom met een stem loof en prys. En God sal in al sy heerlikheid, volmaak vir ewig by ons wees.

Hierdie eerste sonde seer hemel en aarde vol ellende sal verdwyn. Die nuwe hemel en aarde is 'n plek van vrede en veiligheid en liefde. Die see, simbolies vir die plek waarvandaan die bose kom, sal ook nie meer bestaan nie, want die Bose is nou totaal vernietig.

In Openbaring 21:3-5 teken God sy toekoms vir ons as sy kinders:
“3Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by
die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle
God. 4Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook
leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”
5Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”

Hospitale, begrafnisondernemers en “tissue” vervaardigers is nie meer nodig nie. Die dinge van vroeër, sonde en die gevolge van sonde is weg. Pyn en siekte sal daar nie meer wees nie. Die dood, wat ons eens met vrees vervul het, is doodgemaak. Armoede, geweld en korrupsie sal daar nie meer wees. Trane, leed en smart sal nie meer wees nie, want God sal self die trane van ons oë afdroog.

Die ou sondebedeling waarin lyding, seerkry, swaarkry vandag nog ‘n werklikheid is, sal verewig deur God vervang word met `n nuwe volmaakte heerlikheid. Die slegte dinge van vandag sal vir ewig verby wees.

En hierdie is nie die een of ander troos wat mense uitgedink of ‘n onrealistiese dagdroom
nie. Dit is vas en seker, God se toekoms vir ons. Ons hoor hoe God self ons in vers 5b-7
verseker: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.” 6Verder sê Hy vir my:
“Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat
dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet. 7Elkeen wat
die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.”

Hierdie Goddelike toekoms wag vir elke kind van die Here, maar ons lees ook ‘n baie duidelike vermaning in vers 8: “Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.”

Die vermaning word in die eerste plek aan die Christene wat verdruk word gerig. Hulle word vermaan omdat van hulle, weens vervolging en swaarkry, afvallig en onttrou geword het. Van hulle volg die weg van die minste weerstand. Indien hulle egter soos die ongelowige mense rondom hulle word, dikwels in die proses omhulself te beskerm of soms terwille van hul eie voordeel, sal hulle die ewige dood sterf. Die eerste liggaamlike aardse dood sal almal sterf. Die tweede dood, die poel van vuur en swael, sal net hulle wat nie die Here as Verlosser ken en dien nie, sterf.

**Afsluiting**
Ons sien opgewonde uit na die dag dat God se volmaakte toekoms, sy nuwe hemel en aarde vir ons ‘n werklikheid sal word. Tot dan is ons ‘n sugtende, verlangende, hoe-lank-nog? gemeente. Ons kan nie wag nie – hoeveel slapies nog voor die Here, op sy volmaakte tyd, ons kom haal om by Hom te wees.

Ek glo die meeste van ons het al die verhaal van die vrou wat met die vurk begrawe wou word gehoor. Daar is verskillende weergawes van die verhaal, maar uiteindelik is die kern van die verhaal dieselfde.

‘n Ou Tannie het op haar sterfbed vir die dominee al haar begrafnisreëlings deurgegee. Hy het met alles ingestem, maar sy het een vreemde versoek gehad – sy wou met ‘n vurk op die

kis begrawe word. Toe hy haar daaroor uitvra het sy geantwoord dat by etes by die kerk die vroue wat die vuil breekgoed van die tafels verwyder het, soms die mense gevra het om hul vurk te hou. Dan het sy geweet dat daar nog poeding of ‘n stukkie melktert of iets lekker oppad is. Die vurk op haar kis moes die begrafnisgangers herinner dat die beste nog oppad is.

Die beste is nog oppad. Daarom kan ons in geloof volhard tot die einde. Daarom leef ons vandag met onblusbare passie en borrelende geloofsentoesiasme wat nie geblus kan word deur wat in die wêreld rondom ons aan die gebeur is nie.
Amen